PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

Gereformeerde Kerk Benoni

Polsslag

Rom 12:2

12 Augustus 2018

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

09:00 OGGENDDIENS

dr. Braam Krüger

***Skrifgedeelte**: 1 Kronieke 4:1-10*

***Fokusvers**: 1 Kronieke 4:10*

***Tema:** Mag ons vir voorspoed bid?*

18:30 AANDDIENS

dr. Braam Krüger

***Skrifgedeelte:** Esegiël 34:1-16*

***Fokusverse:** Esegiël 34:12*

***Tema**: Herders het 'n groot verantwoordelikheid.*

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS.
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE IN DIE SAAL SAAM MET ONS NA DIE EREDIENS.

KOINONIA - Ons gee om vir mekaar

ONS DOEN VOORBIDDING VIR :

- ◊ Ons simpatie gaan uit na die Hanlie Buys en gesin. Hanlie se pa is verlede Sondagmiddag oorlede en die begrafnis was Woensdag 8 Augustus.
- ◊ Mijnhard Veldhuizen was in 'n motorongeluk die afgelope week.
- ◊ Dorothy Kruger was Maandag geopereer, en sterk tuis aan.

GELUKWENSING:

- ◊ Baie geluk aan Henk en Inez Marx wat die 6de Augustus ouers geword het .

TER APPROBASIE WORD AAN DIE GEMEENTE VOORGEHOU:

- ♦ Amanda Jansen as diensgroepleier vir die baba-diensgroep.

SMS GEBEDSGROEP: Om gebedsversoeke te rig of per sms te ontvang stuur asb. 'n sms met die woord "gebedsgroep" na Donsie Krüger op 084 627 2393 of

VANAF DIE KERKKANTOOR

Vir algemene navraag oor gemeenteaktiwiteite of om persoonlike inligting op die dataprogram te laat verander kan die adminkantoor gekontak word op 011 849 2054.

Om afsprake te maak om die predikant te sien of om oor persoonlike/sensitiewe sake te praat kontak asb. dr. Braam Krüger direk op 082 459 5636

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK			
DAG	**TYD**	**GELEENTHEID**	**KONTAKPERSOON**
Maandag	09:30 19:00	Rynpark 5 Bybelstudie Volwasse kategese	Adrie Goede 083 654 4821 Braam Krüger 082 459 5636
Dinsdag	09:00	Koördineringsvergadering	Ronel Ritchie 081 218 3048
Woensdag	09:30	Palmbyeenkoms (alle senior lidmate welkom)	Una Steyn 083 309 4017
Donderdag	19:00	Studente– en jongwerkendes Bybelstudie	Nico Boshoff 081 049 7066
Vrydag	06:30 09:00	Mans gebedsgroep Bybelstudie met Braam	Schalk Venter 082 786 4527 Braam Krüger 082 459 5636
Vir enige navrae skakel gerus die betrokke persone of die kerkkantoor op 011 849 2054			

OUDERLING DIENSBEURTE	
Vandag	Willem Reinecke
19 Augustus	Schalk Venter

PALMBYEENKOMS
15 AUGUSTUS 09:30 vir 10:00
IN DIE KERKSAAL

Alle senior lidmate word vriendelik genooi vir 'n lekker kuieroggend saam met ander seniors.

Navrae: Una Steyn 083 309 4017

VERJAARSDAE 12– 18 Augustus

BAIE GELUK AAN ALMAL WAT HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK VIER!

DAG	NAAM	KONTAK NO.
Vandag 12/08	Henko Pretorius ☺	
Ma 13/08	Ben Venter Louis Sterkenburg	082 805 0953 072 735 7000
Wo 15/08	Vincent van Dyk Francois Londt Donsie Krüger Helena du Plessis	083 244 7816 082 803 3000 084 627 2393 074 665 1316
Do 16/08	Tanya Kruger	082 386 3816
Vr 17/08	Leanne vd Merwe	076 869 4809
Sat 18/08	Sharmain Cathro	083 646 7075

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

GKSA BEROEPENUUS
VIR SONDAG 12 Augustus 2018

BEROEPE ONTVANG:
• Ds AB van der Walt (Braam) van Lichtenburg na Eden.

LESOTHO UITREIK

Die Lesotho uitreik kom vining nader, en almal is baie dankbaar oor die wonderlike skenkings en belangstelling.
Daar is houers in die voorportale van die kerk waarin nie-bederfbare goedere geplaas kan word.

Navrae: Lenie Venter 083 457 8861 of
dr. Braam Krüger 082 459 5636

2018 JAARTEMA 5
19 AUGUSTUS TOT 9 SEPTEMBER

Die vyfde jaartema van 2018 handel oor Evangelisering.

Wat is Evangelisering? Dit is God se sending! Missio Dei beteken dat die Vader die Seun gestuur het om deur sy koms, lyding, sterwe en opstanding sy eiendom van die heerskappy van die sonde en Satan te verlos. Die Vader en die Seun het saam die Heilige Gees gestuur om God se kinders tot geloof en 'n nuwe lewe en lewensstyl te bring, en hulle toe te rus om in te skakel by die sending van die Drie-enige God om sy eiendom uit elke volk en taal en nasie te vergader en in te skakel by 'n plaaslike verbondsgemeenskap wat as plaaslike kerk van Christus funksioneer. Elke gelowige ontvang unieke gawes van die Heilige Gees om op 'n eie unieke manier deel van God se sending te kan wees.

LET WEL: Alle wyksleiers en lidmate wat die studies weekliks in hul wyke of individueel wil doen sal opleiding en studiemateriaal ontvang na die oggenddienste van **19 & 26 Augustus.**

BEROEPINGSPROSES

In die lig van die gemeente se besluit om voort te gaan met beroeping vra die kerkraad name van predikante. U kan die name by **Schalk Venter ☎ 082 786 4527** opgee. Die volgende riglyne moet in gedagte gehou word met die opgee van name:

• Die terugvoer en behoeftes van die gemeente dui aan dat die te beroepe predikant volwasse/ryp, dog jonk van gees moet wees. Die gemeente moet in die opgee van name nie aan bande gelê word met 'n ouderdomsperk nie.

• Die jongste gemeenteprofiel wys beduidende groei in die segmente van naskoolse jeug, studente en jonk getroudes met eiesoortige behoeftes en die kerkraad moet in sy eie oorweging van 'n kortlys hierdie tendens in ag neem.

• Die te beroepe predikant moet kan inpas by die gemeente se identiteit, bedieningstyl en bedieningsfokusse.

• Die te beroepe predikant moet die persoonlikheid en gawes hê om in meerdere bediening optimaal te funksioneer en gemaklik met mense kan omgaan.

Die sluitingsdatum vir die opgee van name is 25 Augustus 2018.

VOLWASSE KATEGESE
MAANDAE AANDE @ 19:00

Volwasse kategese is vir volwassenes wat vir kategese wil aanmeld, of om belydenis van geloof af te lê of bloot ter wille van geloofsgroei.

Dit is saamgestel uit gespreksessies en persoonlike Bybelstudie om jou geleentheid te gee om op so manier die kerk se teologie te leer ken.

Die uitgangspunt van hierdie kursus is dat Christen-wees oor verhoudings gaan. Tydens die kursus word daar gefokus op 5 verskillende verhoudings, naamlik jou verhouding met God, met jouself, met die kerk, met die omgewing en met die gemeente.

Elkeen van hierdie verhoudings is 'n bousteen tot ons geloof. Dis die fondament waarop ons geloof gebou is om te weet dat God ons liefhet en ons na die wêreld rondom ons uitstuur.

Skakel dr. Braam Krüger op 082 459 5636 gerus om meer uit te vind, of om aan te meld.

Het jy geweet…. Kerklike Tydskrifte

Die Sinode het vir baie jare deputate vir kerklike tydskrifte aangewys. Hierdie deputate sien toe dat die verskillende tydskrifte die lig sien en dat daar 'n redaksiekommissie vir elke tydskrif is wat saam met die redakteur van elke tydskrif die inhoud bepaal. Die Administratiewe Buro behartig die administrasie, intekening, versending en finansies van die tydskrifte.

Die Kerkblad Die blad verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" met prof. Jan Lion-Cachet as redakteur. Die Maandbode se laaste uitgawe eindig in 1894 met prof. Jan Lion-Cachet en prof. S Postma as redakteurs. Het Kerkblad met prof. Jan Lion-Cachet as redakteur verskyn sedert 1 April 1906. Vanaf 1 Junie 1922 verander "Het Kerkblad" na Die Kerkblad met dr. JD du Toit en ds. T Hamersma as redakteurs. Die Kerkblad verskyn 11 keer per jaar. Prof Callie Coetzee is tans die redakteur van Die Kerkblad.

Die Gereformeerde Vroueblad Die Gereformeerde Vroueblad verskyn sedert Junie 1946 met mev. JM du Plooy as redaktrise. Die Vroueblad verskyn 11 keer per jaar. Die redaktrise is tans mev Cobie Steyn.

Slingervel Tydens Sinode 1961 (Handelinge 1961:289) word besluit dat die Gereformeerde Katkisant se naam verander word na die Slingervel. Dr. KS van Wyk de Vries word die eerste redakteur van die Slingervel. Die Slingervel verskyn 11 keer per jaar. Dr Hennie van Wyk is die redakteur van die Slingervel.

Kruispad Kruispad is 'n kerklike publikasie vir tieners en jongmense tussen 16 en 26 jaar. Kruispad is 'n eietydse tydskrif met Reformatoriese inhoud, gefokus op aktuele sake, gerig op jong, groeiende gelowiges om toerusting te gee vir die maak van ingeligte keuses wat lei tot geloofsgroei. Die Kruispad verskyn 4 keer per jaar. Mev Karin Bain is die redaktrise van die Kruispad.

KOLLEKTES

Kollektes van 5 Augustus 2018

Diens van Barmhartigheid : R 8745
Emeritaatsversorging : R 3094
Jeugfonds : R 354

Vandag se kollektes :

Onder die diens: Diens van Barmhartigheid
By die deure: Jeugsorg

Volgende week: TSP Publikasies

Doel: Om die piblikasies van akademiese boeke vir die opleiding van teologiese studente en vir die bekendstelling van die gereformeerde leer plaaslik en in die buiteland te steun.

BEHUISING DRINGEND NODIG:

Johan Goosen en sy seun is dringend op soek na bekostigbare losering of 'n tuinwoonstel wat hulle kan huur in of naby Northmead, Benoni. Johan is ook op soek na werk.

As jy dalk kan help, of weet van iemand wat kan help kontak Johan asb op 072 184 4010

WERKSOEKENDES:

Farayi en sy vrou Annie is afkomstig van Zimbabwe en is op soek na werk. Farayi het 'n werkspermit, en is 'n verwer, maar is bereid om enige werk te doen. Sy vrou Annie is op soek na 'n skoonmaakposisie. Hulle is tans woonagtig in Daveyton.

Hulle verkies om Engels te praat.

Farayi kan gekontak word op 071 821 2395

KLANKOPNAME VAN PREKE

Klankopnames van die preke sal +/- 20 minute na die oggenddiens afgesluit het by die klankbord beskikbaar wees. Skryf asb jou naam op die lys na die diens sodat ons weet hoeveel cd's om te maak.

Donasies vir die aankoop van cd's is welkom!

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywilligHe finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK - ABSA
TJEK REK - 220 340 333
VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

OF SNAPSCAN

Diens van Barmhartigheid

Jeugsorg